# RYNIENUUS



LAERSKOOL RYNFIELD

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR:



### Welkom terug aan al die Rynies!

*Mnr.Wally Janse van Rensburg*



Welkom terug aan al die Rynies en personeel! Ons hoop almal is lekker uitgerus en sien uit na die splinternuwe en opwindende jaar wat voorlê. ‘n Spesiale woord van welkom aan al ons nuwe maats asook die Gr 1 leerders wat begin met “grootskool” Ons hoop ons nuwe Rynies pas vinnig aan en voel gou deel van die Ryniefamilie. Baie welkom aan die nuwe personeel wat by die Rynies aangesluit het.

Hierdie jaar beloof om soos vorige jare besig en vol opwinding te wees. Ons begin reeds Vrydag met ons Atletiek huissport. **Die program verloop tot 13:00 en veral Gr. 1-3 ouers is welkom om hulle kind/ers vroeër huistoe te neem as hulle klaar deelgeneem het.** Sien program elders in nuusbrief.

**Soos berig in die laaste nuusbrief van 2025 sluit die skool daagliks om 13:00 vir al ons Graad 1-7 leerders tot na die interlaer.**

# RYNIENUUS

## LAERSKOOL RYNFIELD



**Akademie bly egter ons eerste prioriteit en ons skryf weer hierdie kwartaal geskeduleerde toetse. Sien die kwartaalprogram in die nuusbrief met al die toetsdatums en ander belangrike inligting.**

Ons is hierdie kwartaal baie besig op buitemuurse gebied en u kan uitsien na atletiek, rugby, netbal en verskeie kultuuraktiwiteite.

**Ons wens al die Rynies en personeel sterkte toe vir die kwartaal en weet dat dit weereens 'n suksesvolle kwartaal op alle gebiede gaan wees!**




## PERSONEEL: KLEUTERSKOOL:

Baie welkom aan die volgende personeel wat by die Rynies aangesluit het:



Liné Liebenberg
Assistent



Tenisha Maartens
Assistent



Leané Pretorius
Assistent



Annette Cunniff
Naskool

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

**LAERSKOOL:**



Richard Schirmer
Personeel - Gr. 5



Talita Schirmer
Personeel - Gr. 5



Dihan de Villiers
Student



Aiden Mazirel
Student



Deacon Senekal
Student

Ons wys ouers net daarop dat studente nie by Laerskool Rynfield voltyds vakke mag gee nie. Volgens ons distrik se voorskrif kan hulle wel in hulle finale jaar voltyds in klasse geplaas word. Studente word wel ingespan om toesig te hou waar personeel afwesig is, en word ten volle betrek by die buitemuurse aktiwiteite. Daar is skole wat selfs studente wat die vorige jaar in matriek was voltyds in die klasse aanwend. Laerskool Rynfield se bestuur en beheerliggaam is egter ten sterkste hierteen gekant.

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## LIEF EN LEED:



Ons innige simpatie aan Mnr. Richard Schirmer en Juf. Talitha Schirmer met die afsterwe van hulle vader in Desember 2025. Ons dink aan hulle in hierdie moeilike tyd en bid vir vertroosting.

Ons dink aan **Janine van Deventer in Graad 6** wat in die intensiewe sorgeenheid in die hospitaal behandel word.
Dit gaan al beter en ons bid vir vinnige beterskap en herstel. Janine, die Rynies dink aan jou!





# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## SKOOLTYE

- Kleuterskool: Normale tye 08:00 – 13:00. Personeel is reeds vanaf 07:00 aan diens.
- Gr. 1 – 7: Tot Vrydag 13 Februarie 2026 sluit die skool daagliks vir al hierdie leerders om 13:00. Hierdie reëling is slegs om die kort atletiekseisoen te akkommodeer soos wat ons in die verlede gedoen het. Geen akademiese periodes gaan verlore nie. Alle leerders wat nie aan buitemuurse aktiwiteite deelneem, of in die naskool is nie, moet daagliks voor 13:15 opgelaai word. Geen leerder mag op die sypaadjie wag nie, maar wel binne die skoolterrein.

**Vanaf Maandag 16 Februarie 2026 is die skoolure weer normaal soos volg:**

| Afdeling | Skooltye |
|---|---|
| Kleuterskool | 08:00 - 13:00 |
| Gr. 1 en 2 | 07:30 - 13:00 |
| Graad 3 | 07:30 - 13:30 |
| Graad 4 - 7 | 07:30 - 13:50 |

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## RYNIES PRESTEER:



Declan Jurgens Graad 7 het sy Northern Region Junior kleure in November gekry vir Rotax Mini Max Go-Carts 2025.

Declan het sy Protea Kleure vir Go-Kart racing in Desember verwerf.

## SKOOLSUSTER BESOEK



Die skoolsusters besoek ons skool eerskomende Maandag vir die Gr. R en Gr. 1 leerders.
Hierdie is bloot ‘n roetine ondersoek.
Toestemmingvorms is reeds uitgestuur.
Kontak Sonja by ontvangs indien u enige navrae in hierdie verband het.

## DRAMAKLUB GR. 3 - 7

Daar is al verskeie leerders wat registrasie vorms einde verlede jaar ingehandig het om deel van die dramaklub te wees. Drama begin op 23 Januarie. Tye sal 13: 00 - 13:45 wees solank as wat die skool 13:00 uitkom. Registrasiefooie is R80. Indien leerders geregistreer het, maar fooie is uitstaande teen 23 Januarie, sal die leerder nie aan die eerste klas kan deelneem nie.

**Navrae : Juf. Barbara : 083 600 5554**



# RYNIENUUS

## LAERSKOOL RYNFIELD

# KWAARTAALPROGRAM

## LAERSKOOL RYNFIELD

## 2026 – KWARTAAL 1

| JANUARIE | |
|---|---|
| 12 Maandag | Naskool heropen<br>Dell'Arte en Interskole inskrywings open |
| 14 Woensdag | Skool heropen |
| 16 Vrydag | Atletiek: Huissport<br>0/10 & 0/12 Netbalproewe |
| 19 Maandag | Kleuterskool: Inligtingsaand<br>Kleuterskool: Demo lesse week<br>Koor oudisie vir Rynies of leerders wat 2025 se oudisies gemis het |
| 20 Dinsdag | Inligtingsaand Gr 4-7 17h00 |
| 22 Donderdag | Atletiek: Selectionpark (weg) |
| 23 Vrydag | 0/9 & 0/11 Netbalproewe |
| 26 Maandag | Jnr+Snr kore begin oefen |
| 28 Woensdag | Atletiek: Baanbreker (Boksburg Stadion)<br>Voorkomsinspeksie Gr 1-3 |
| 30 Vrydag | 0/9 – 0/13 Finale Netbalproewe<br>Junior Koor "kamp" |
| 31 Saterdag | Senior Koor "kamp"<br>Hengel Liga |

| FEBRUARIE | |
|---|---|
| 2 Maandag | Kleuterskool: Buitemuurse lesse begin<br>Koor oefening<br>Ouersand Gr 2+3 17:00-19:00 |
| 3 Dinsdag | Atletiek: Aston Manor (tuis) |
| 6 Vrydag | Tennisproewe Gr 4-7 (rondte 1)<br>Wêreld hardopleesdag |
| 9 Maandag | Koor oefening |
| 10 Dinsdag | Interlaer: Veld Items |
| 12 Donderdag | Interlaer: Baan Items<br>Kleuterskool: Foto's |
| 13 Vrydag | Valentynshop<br>Sluitingsdatum vir inhandiging van alle interne Afr. Redenaars toesprake |
| 16 Maandag | Koor oefening |
| 17 Dinsdag | 0/9 & 0/10 Rugbyproewe<br>Senior Skaakproewe<br>**Toetsreeks: Wisk Gr 4-7** |
| 17-19 | Mini-netbalproewe |
| 18 Woensdag | 0/11 & 0/12 en 0/13 Rugbyproewe<br>Junior Skaak |
| 19 Donderdag | Atletiek: Groter Benoni<br>Senior Skaakproewe<br>**Toetsreeks: Afr Gr 4-7** |
| 20 Vrydag | Moedertaaldag<br>Tennisproewe Gr 4-7 (rondte 2) |
| 23 Maandag | Aankondiging van mini-netbal oefengroep<br>Koor oefening |
| 24 Dinsdag | Netbal oefening begin (Gr 1-7)<br>Gr 1 Redenaars uitdunne (slegs op uitnodiging)<br>**Toetsreeks: SW Geo Gr 4-6 / SW Gesk Gr 7** |
| 26 Donderdag | Atletiek: D17<br>**Toetsreeks: NW/Teg Gr 4-6 / EBW Gr 7** |
| 27 Vrydag | Nal'ibali Hardopleesdag |
| 28 Saterdag | Hengel Liga |

*** Program is onderhewig aan verandering*

| MAART | |
|---|---|
| 2 Maandag | Koor oefen in Mediasentrum<br>Afrikaans Individuele Interne Redenaars Gr 6+7<br>Boeke gaan huis toe om te spog Gr 1-3 |
| 2-4 | **Formele assessering Afr Gr 1-3** |
| 3 Dinsdag | 0/12 & 0/13 Dorpsproewe Netbal<br>**Toetsreeks: SW Gesk Gr 5 & 6 / NW Gr 7** |
| 4 Woensdag | Mini-netbalkursus Gr 1-3<br>Afrikaans Individuele Interne Redenaars Gr 3<br>Laaste dag vir inhandiging van formele take Gr 4-7 |
| 4-5 | **Formele assessering Eng Gr 1-3** |
| 5 Donderdag | Mini-nebalkursus Gr 1-3<br>Rugby & Netbal @ Constantia Park<br>**Toetsreeks: Eng Gr 4-7** |
| 6 Vrydag | Wêreldbiddag vir vroue<br>**Formele assessering LV Gr 1-3** |
| 6-7 | Atletiek: Gauteng |
| 7 Saterdag | Cheerleading Kompetisie 1 |
| 9 Maandag | Kore oefen in mediasentrum<br>Afrikaans Individuele Interne Redenaars Gr 4+5<br>0/12 & 0/13 D6 proewe Netbal |
| 9-10 | **Formele assessering Wisk Gr 1-3** |
| 11 Woensdag | Afrikaans Individuele Interne Redenaars Gr 1+2 |
| 12 Donderdag | Reading Thursdays |
| 13 Vrydag | Kleuterskool: Koekverkoping<br>Rynies Got Talent Oudisies |
| 14 Saterdag | Hengel Liga |
| 16 Maandag | Koor oefening<br>0/12 Ekurhuleni proewe Netbal |
| 17 Dinsdag | Kleuterskool: "What Walrus" Instappie |
| 18 Woensdag | 0/13 Ekurhuleni proewe Netbal<br>Hengel Liga |
| 19 Donderdag | Rugby & Netbal @ Anton v. Wouw |
| 20 Vrydag | Wêreld Gedigtedag |
| 20-22 | Jubaweni Rugbytoer (0/10A) |
| 23 Maandag | Koor oefening |
| 24 Dinsdag | Rugby & Netbal @ Menlo (weg) |
| 25 Woensdag | Individuele foto's |
| 26 Donderdag | Individuele foto's |
| 27 Vrydag | **Skool sluit**<br>0/11 & 1ste Span Rugbytoer @ Stellenbosch |
| 28 Saterdag | Cheerleading Kompetisie 2 |
| 27-29 Mrt | 0/11 & 0/12 Netbal toer Sportisimo |
| 30 Mrt-2Apr | 0/13 Netbaltoer – Paarl Gimnasium |
| 6-7 Apr | 0/10 Netbaltoer Sportisimo |
| 23 Mei | Hengel Finaal |

**Toetsreeks: Indien geen toets geskeduleer is nie, word 'n projek volgens voorskrifte gedoen (Gr 4-7)**

# KLEUTERSKOOL

LAERSKOOL RYNFIELD

## BAIE WELKOM AAN AL ONS OUERS EN KLEUTERS!






## Ons sien uit na 'n propvol 2026!



## NETBAL:


ONS BOU
LAERSKOOL RYNFIELD
2026
NETBALPROEWE
O/10 & O/12
VRYDAG - 16 JANUARIE
13:00 - 15:00
ONTHOU JOU TEKKIES EN 'N WATERBOTTEL

# RYNIENUUS

## LAERSKOOL RYNFIELD

## ATLETIEK

**Interhuis**
**16 Januarie 2026**

08:00 - Geesvang
08:25 - Opening & Verwelkoming

**RONDTE 1: [08:30 - 09:30]**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1. | Naelloop Uitdunne | 80m | Gr 1 IG [D] | 0/7 |
| 2. | | | [S] | |
| 3. | Naelloop Uitdunne | 80m | Gr 1 SF [D] | 0/7 |
| 4. | | | [S] | |
| 5. | Naelloop Uitdunne | 80m | Gr 1 BG [D] | 0/7 |
| 6. | | | [S] | |
| 7. | Naelloop Uitdunne | 80m | Gr 1 LR [D] | 0/7 |
| 8. | | | [S] | |
| 9. | Naelloop Uitdunne | 80m | Gr 1 CS [D] | 0/7 |
| 10. | | | [S] | |
| 11. | **Naelloop Finale** | 80m | Dogters | 0/7 |
| 12. | | | Seuns | |
| 13. | **Naelloop Finale** | 80m | Dogters | 0/8 |
| 14. | | | Seuns | |
| 15. | **Naelloop Finale** | 80m | Dogters | 0/9 |
| 16. | | | Seuns | |

**RONDTE 2: [9:30 – 10:20]**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 17. | Middelafstande | 800m | Dogters | 0/13 |
| 18. | | | Seuns | |
| 19. | Hekkies | 70m | Dogters | 0/10 |
| 20. | | | Seuns | |
| 21. | Hekkies | 70m | Dogters | 0/11 |
| 22. | | | Seuns | |
| 23. | Hekkies | 75m | Dogters | 0/12 |
| 24. | | | Seuns | |
| 25. | Hekkies | 75m | Dogters | 0/13 |
| 26. | | 80m | Seuns | |
| 27. | Hoogspring | | Dogters | 010 |
| 28. | | | Seuns | |
| 29. | Verspring | | Dogters | 0/11 |
| 30. | | | Seuns | |
| 31. | Gewigstoot | | Dogters | 0/12 |
| 32. | | | Seuns | |

**RONDTE 3: [10:20-11:10]**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 33. | Middelafstande | 600m | Dogters | 0/9 |
| 34. | | | Seuns | |
| 35. | Middelafstande | 1200m | Dogters | 0/10 |
| 36. | | | Seuns | |
| 37. | Middelafstande | 1200m | Dogters | 0/11 |
| 38. | | | Seuns | |
| 39. | Middelafstande | 1200m | Dogters | 0/12 |
| 40. | | | Seuns | |
| 41. | Hoogspring | | Dogters | 0/12 |
| 42. | | | Seuns | |
| 43. | Verspring | | Dogters | 0/13 |
| 44. | | | Seuns | |
| 45. | Gewigstoot | | Dogters | 0/10 |
| 46. | | | Seuns | |

**RONDTE 4: [11:10 – 12:00]**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 47. | Middelafstande | 1500m | Dogters | 0/13 |
| 48. | | | Seuns | |
| 49. | **Naelloop Finale** | 100m | Dogters | 0/10 |
| 50. | | | Seuns | |
| 51. | Hoogspring | | Dogters | 0/11 |
| 52. | | | Seuns | |
| 53. | Verspring | | Dogters | 0/12 |
| 54. | | | Seuns | |
| 55. | Gewigstoot | | Dogters | 0/13 |
| 56. | | | Seuns | |

**RONDTE 5: [12:00 – 12:50]**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 57. | Hoogspring | | Dogters | 0/13 |
| 58. | | | Seuns | |
| 59. | Verspring | | Dogters | 0/10 |
| 60. | | | Seuns | |
| 61. | Gewigstoot | | Dogters | 0/11 |
| 62. | | | Seuns | |
| 63. | **Naelloop Finale** | 100m | Dogters | 0/12 |
| 64. | | | Seuns | |
| 65. | **Naelloop Finale** | 100m | Dogters | 0/13 |
| 66. | | | Seuns | |
| 67. | **Naelloop Finale** | 100m | Dogters | 0/11 |
| 68. | | | Seuns | |




**Oefenprogram 2026**

| Tye | Ouderdomsgroep | Item |
|---|---|---|
| 13:10 – 13:35 | 0/10 | Hoogspring |
| | 0/11 | Verspring |
| | 012 & 0/13 | Gewigstoot |
| | | |
| 13:35 – 14:00 | 0/10 | Gewigstoot |
| | 0/11 | Hoogspring |
| | 0/12 & 0/13 | Verspring |
| | | |
| 14:00 – 14:25 | 0/10 | Verspring |
| | 0/11 | Gewigstoot |
| | 0/12 & 0/13 | Hoogspring |
| | | |

- **13:10 – 14:25 → Velditems**
- **14:25 – 15:00 → Hekkies**
- **15:00 – 15:30 → Spiesgooi en Diskus (0/12 - 0/13)**
- **07:00 – 07:45 → Middelafstande + Naellope**

○ **Junior naellopers oefen vanaf 07:45 – 08:15 [Of tyd soos gereël]**

NUUSBRIEF 1 VAN 2026

*15 JANUARIE 2026*

# RYNIENUUS



LAERSKOOL RYNFIELD

## KULTUUR: Dis Redenaarstyd!



Alle voornemende redenaars moet hul toespraak by Juf. Coffey inhandig vir goedkeuring. Indien daar 'n graadgroep is met te veel voornemende redenaars, sal uitdunne in daardie graad gehou word. Finale datum om toesprake in te handig is: **13 Februarie 2025.** Hierdie jaar sal GEEN laat toesprake aanvaar word nie - jammer julle!

| Graad | Datum van interne redenaars | Temas | Tydsduur |
|---|---|---|---|
| Gr. 1 + 2<br>Graad 3 | Woensdag, 11 Maart<br>Woensdag, 4 Maart | Huis / Pleister / Geraas | 2 - 4 minute |
| Graad 4 + 5 | Maandag, 9 Maart | Koers / Kriewel /Sout | 3 - 5 minute |
| Graad 6 + 7 | Maandag, 2 Maart | Kies / Pronk / Rebelleer | 4 - 6 minute |

**Spanredenaars:**

Spanne wat reeds weet dat hulle hierdie jaar gaan deelneem, moet so gou as moontlik hul name by Juf. Coffey gaan opgee.

**Koor:**

‘n Laaste koor oudisie word Maandag 19 Januarie 13:00 in die saal gehou. Dit is SLEGS vir nuwe Rynies of leerders wat nie die oudisies einde 2025 kon bywoon nie. (Gr. R-7)

<u>**Kooroefening vir Gr.1-7 begin Ma. 26 Januarie**</u>

**Juniorkoor 13:15-14:15 skoolsaal**

**Seniorkoor 14:15-15:15 skoolsaal**



**Kultuurgroete, Juf. Coffey**

NUUSBRIEF 1 VAN 2026 *15 JANUARIE 2026*

# NASKOOL

## LAERSKOOL RYNFIELD

**Welkom terug aan al die naskoolleerders en ouers!**
‘n Spesiale welkom aan ons Graad 1 maats wat nou in die groot skool se naskool is.  Nuwe leerders – ons glo julle sal die naskool geniet met die vaste roetine en ‘n heerlike spyskaart.

**Inskrywings/Herinskrywings vir 2026:**

- Die inligting- en vrywaringsvorm móét jaarliks voltooi word en so spoedig as moontlik aan Me. Lenie van Zyl gestuur word. (debiteure@rynfieldlaer.co.za).  Hierdie vorms is verkrygbaar op die webwerf.  Alternatiewelik: vorms by sentrum beskikbaar – voltooi en leerder handig dit by Me. R. Fourie in.
- ‘n Deposito van R100-00 (jaarliks) plus naskoolfooi van R975-00 per leerder, word vereis.  Naskoolfooie word vir 11 maande gehef.
- Geen ekstra heffing vir vakansies nie (L.W. Desember is die naskool gesluit – Ons sluit die dag voor rapporte uitgaan).
- Indien u naskooldienste wil beëindig, moet u 1 kalendermaand kennis gee.
- NB. Rekening (skoolfonds + naskool) moet op datum betaal wees alvorens u kind/ers van die naskool gebruik kan maak.

**WhatsApp groep:**

- Me. L. van Zyl voeg u by die groep sodra sy u inskrywingsvorm ontvang het. Indien u wel ‘n inskrywingsvorm ingestuur het, maar nog nie op die groep geplaas is nie, kan u Me. L. van Zyl/Me. R. Fourie in kennis stel en dit sal opgevolg word.

**Sekuriteit:**
Die naskool se sekuriteit is in 2025 opgeskerp en maak nou gebruik van ‘n gesigsherkenningstelsel wat u toegang tot die naskool gee. Me. L. van Zyl sal vir die volgende twee weke in die middae vanaf 14:30 beskikbaar wees om nuwe ouers op die stelsel te laai.

*15 JANUARIE 2026*

# NASKOOL

LAERSKOOL RYNFIELD

**Afhaal van leerder:**
Die gesigsherkenningstelsel dien as bewys dat u kind/ers afgehaal is, dus is dit nie meer nodig om in die uittekenregister te teken nie.
**BELANGRIK:** Sou 'n ander persoon u kind/ers kom haal en die persoon is nie op die stelsel gelaai nie, moet u asb. die naskool in kennis daarvan stel. Hierdie persoon moet ook die spesiale kode aan die sekuriteitswag gee voordat die wag die hek sal oopmaak. In hierdie geval sal daar 'n uittekenregister beskikbaar wees wat asb. volledig ingevul moet word. (Spesiale kode: Die kombinasie van letters en syfers wat op u finansiële staat verskyn – wat u as verwysing vir betaling gebruik).

## NASKOOL SPYSKAART:

| DAG | ETE | 15:30 - 16:00 |
|---|---|---|
| Maandag, 19 Jan | Macaroni & Kaas | Vrug en sap |
| Dinsdag, 20 Jan | "Russian & Chips" | Vrug en sap |
| Woensdag, 21 Jan | Hoender & pasta slaai | Vrug en sap |
| Donderdag, 22 Jan | Visburgers | Vrug en sap |
| Vrydag, 23 Jan | "Simba chips" rolletjie | Vrug en sap |

**NASKOOLPOS BESKIKBAAR**
**Handig volledige CV in by Sonja by ontvangs voor of op Vrydag, 23 Januarie.**
**Aanstellingsdatum: 1 Feb. 2026**


**Baie sterkte vir die jaar wat voorlê, ons glo en vertrou dat u 'n gelukkige en positiewe jaar by die naskool sal ervaar.**

# NASKOOL

LAERSKOOL RYNFIELD

## SNOEPIE SPYSKAART:

| DAG | ETE |
|---|---|
| Maandag, 19 Jan | “Wraps” - Burgers |
| Dinsdag, 20 Jan | Hoender “nuggets” en Chips |
| Woensdag, 21 Jan | Gesondheidsbroodjies |
| Donderdag, 22 Jan | “Toasted Chicken Mayo” |
| Vrydag, 23 Jan | “Footlongs” |



## SNOEPIE PRYSLYS:

| | |
|---|---|
| Kos - Spyskaart weekliks in nuusbrief R30 | Klein koeldrank - R10 |
| Koeldrank / Water - R15.00 | Doughnuts - R10.00 |
| Simba Chips - R10.00 | Chocolates - R15.00 |
| Brownies & Koekies - R10.00 | Biltong - R10.00 |
| Frozen Yoghurt - R15.00 | Popcorn - R15.00 |
| Los lekkers - R1.00 - R10.00 | Slush puppy: R7; R15; R20; R35 |

# TEN SLOTTE

LAERSKOOL RYNFIELD




**W JANSE VAN RENSBURG**

**SKOOLHOOF**

# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD









# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD

